### *Die geseënde maaltyd op die berg*

**151** **Ek** (**JaHshua**) sê: "Goed, goed, liewe vriende en broers! Na hierdie oggendete vir die siel sal ons nou ook eers aan die liggaam dink! - Ebahl, het jy nog iets in voorraad?"

[2] **Ebahl** sê: "Meester, daar is nog wel ietsie, hoewel nie baie nie, want gisteraand is byna alles opgeëet; maar brood en wyn is daar nog, ja!"

[3] **Ek** sê: "Bring alles hier, dan sal Ek dit seën en dan sal ons almal genoeg te ete en te drinke hê!" - Ebahl laat nou dadelik `n halfronde brood na My toe bring en ongeveer drie bekers wyn wat in die sak agtergebly het, en Ek seën die brood en die wyn en sê: "Deel dit maar uit, en as daar oorbly, sal ook ons hier ontbyt geniet!"

[4] **Ebahl** deel nou die brood uit en breek, om nie tekort te kom nie, slegs klein stukke van die halwe brood; maar die halwe brood wil nie kleiner word nie. Toe hy egter sien dat dit nie kleiner word nie, hoewel hy alle berggaste `n paar monde vol ekstra gegee het, begin hy groot stukke daarby te gee, maar ook nou word die halwe brood nie kleiner nie. Toe hy daarna sien dat die berggaste nog nodig het, begin hy die uitdeel weer van voor af en breek nou nog groter stukke van die brood af. En nadat hy rondgegaan het onder die bykans dertig mense wat die berg met ons bestyg het, het hy nog `n behoorlike stuk in die hand oor en sê aan My: "Meester dit het ek oor. Sal dit ook genoeg wees vir U, vir Rafael, vir Jarah en vir my?"

[5] **Ek** sê: "Gee dit maar aan Jarah om uit te deel, dan sal dit wel voldoende wees!" - Ebahl doen dit, en Jarah gee My eerste `n stuk, daarna vir Rafael, toe vir Ebahl en toe die oorblywende aan haarself, en ook ons het almal genoeg gehad.

[6] Maar **die hoofman** merk op: "Vriend Ebahl, waarom het jy my ook nie by hierdie laaste verdeling ingesluit nie? Vind jy my nie belangrik genoeg daarvoor nie?"

[7] **Ek** sê: "Vriend, vererg jou nie daaroor nie! Want weet jy, Ebahl het gedink dat daar niks sou oorbly nie, daarom was hy met die uitdeel in die begin ook so suinig moontlik, hy wou jou ook nie by diegene voeg wat uiteindelik niks sou gekry het nie! Maar omdat daar deur My wil tog iets oorgebly het, is daarmee toe die tweede verdeling begin. As jy egter baie belang heg aan die tweede uitdeling, wat beslis nie beter is as die eerste nie, sê dit dan, dan gee Ek jou graag My aandeel."

[8] **Die hoofman** sê: "Nou, nou, dit is goed so, `n ou dom Romeinse rangorde skiet slegs deur my kop - maar ek is alweer heeltemal in orde! Maar wat my hier die meeste verbaas, is dat die hemelse Rafael die brood so gretiglik opeet asof hy van ons almal die hongerigste is! Dit is werklik baie merkwaardig! Hy is tog meer `n gees as `n mens met `n liggaam en tog eet hy asof hy op aarde gebore was! Dit geval my besonders! - Maar ek merk dat brood alleen, hoe goed dit ookal smaak, dorstig maak, en daarom sou ek graag spoedig iets te drinke wil hê."

[9] **Ek** sê aan Ebahl: "Deel nou die wyn uit, en begin by ons vriend Julius!"

[10] **Die hoofman** sê: "Meester ek vra U, drink U tog eerste, want ook aan tafel moet daar tog `n sekere rangorde wees!"

[11] **Ek** sê: "O ja, Ek is self daarvoor, maar omdat ons hier geen tafel het en ook nie as gaste uitgenooi is nie, drink ons wyn soos wat ons behoefte daaraan het! Wie die meeste dors het, drink eerste, en die minder dorstige volg hom - elkeen na behoefte!"

[12] Met hierdie beslissing neem **die hoofman** toe genoeë, drink die beker tot die laaste druppel toe leeg en sê: "Meester, ek dank U! Dit was regtig `n hemelse hartversterking, en nog nooit het die wyn op `n oggend so vir my gesmaak soos nou hier nie, maar dit is ook `n wyn waarvan daar op aarde geen tweede is nie."

[13] **Ek** sê: "Ons is almal bly dat dit nou so na jou sin is op hierdie berg!"

[14] **Die hoofman** sê: "Meester vergeef my as ek miskien in so `n goeie stemming `n vals noot gee! Maar dit lyk my dat selfs die satan hier sou moet bly word!"

[15] **Ek** sê: "As jy hom wil sien en praat, kan hy hierheen geroep word, en dan kan jy jou dadelik daarvan oortuig of dit vir hier vir hom gesellig sal wees!"

[16] **Die hoofman** sê: "As daar werklik `n satan in persoon is, laat hom dan maar hier verskyn!"

### *Die hoofman daag die satan uit*

**152** Terwyl die hoofman dit nog sê, flits daar `n helle bliksemflits en klink daar `n reusagtige donderslag en satan staan soos **`n vurige reus** voor die hoofman, stamp met `n voet so hard op die grond dat die hele berg rondom bewe en sê aan die hoofman: "Wat wil jy van my hê, ellendige moederverkragter!? Waarom ontbied jy my hier op hierdie berg, wat vir my duisendmaal pynliker is as al die vuur uit die hel!?

[2] **Die hoofman** sê, baie boos deur die betiteling 'moederverkragter': "Héi, vyand van alle mense en Elohim Self, matig jouself, want jy het geen reg om in die teenwoordigheid van Elohim, Jou Meester, `n

oordeel uit te spreek nie! As ek in die slaap, meegesleur deur my sinne, gesondig het, dan het ek slegs myself, maar nooit vir jou in iets benadeel nie. Ek glo egter dat Elohim méér is as jy, en Hy het my nog nooit verwelkom soos wat jy het nie, gemene leuenaar! Dit is wel waar dat ek eens, toe ek veertien jaar oud was, gemeenskap gehad het met my moeder, maar my moeder het my daartoe verlei. Want sy het haar verklee soos `n wellustige Griek en trek toe oor haar gesig, wat tog baie mooi was, `n fyn masker, kom snags na my toe, laat my al haar onweerstaanbare bekoorlikhede sien en wou my hê. Want my moeder was toe amper agt en twintig jaar oud. Toe ek as haar eerste kind gebore is, was sy dertien en `n half. Ek staan in Rome bekend as een van die mooiste en aantreklikste jongmanne, geen wonder dat my eie moeder op my verlief geword het en haar vermom om van my te kon geniet nie! Ellendeling! Is ek dan `n verkragter van my moeder omdat ek as vurige Romein, wat dink dat ek met `n wellustige en baie aantreklike Griek te doene het, met my moeder gemeenskap gehad het? Kan jy, blinde esel uit die hel ooit iemand `n moordenaar noem, omdat hy, toe hy van die dak val, tydens sy val `n mens raakgeval en gedood het?! – Praat nou, oude esel uit die hel!"

[3] **Die satan** sê, hewig ontstoke oor die benaming deur die hoofman: "Ek hou slegs maar rekening met die daad en nie op watter manier dit gebeur het nie. **By my geld geen versagtende omstandighede nie en wat my betref is jy veroordeel, hoort jy in die hel en sal jy my mag nie vryspring nie!"**

[4] **Die hoofman** sê: "Kyk dan eers daar, blinde esel uit die hel! Wie staan hier aan my regterkant, ken jy Hom, ken jy nie vir JaHshua van Násaret nie?"

[5] Toe die hoofman My Naam uitspreek word die satan met geweld op die grond gewerp, en hy dreig die hoofman om hierdie walglike Naam nooit weer voor hom uit te praat nie. Hy ken die Násarener en vervloek hom omdat hy dié godheid sy mag wou ontneem, en dit hom nog maar weinig skeel of hy sou meester van die hemel en die hele wêreld word!

[6] **Die hoofman** sê: "Blinde esel uit die hel! Wat Hy ewig was, is Hy nog en Hy sal dit ewiglik bly, en Hy alleen sal vir my en jou oordeel, en dit doen jy ewiglik nie, ou slegte, blinde en oerdomme esel uit die hel! As jy tog so `n reusagtig magtige wese is, waarom word jy dan so maklik net deur die Naam van die heilige Násarener neergeslaan, asof jy nog nooit gestaan het nie? Kyk nou hoe mooi dit hier is en hoe goed ons dit almal het! Jy sou dit tog net so goed kon hê as ons, as jy nie so `n aartsdom dier uit die hel was nie! Keer om en erken in jou hart, as jy dit nog het, dat JaHshua die Meester van hemel en aarde is, dan sal jy sekerlik met ons gelykgestel word!"

[7] Nou gryns **die satan**: "Moes jy nou wéér die Naam uitspreek wat my so teenstaan?! As jy oor niks anders kan praat nie, omskryf dan ten minste die Naam, want hy pynig my meer as tienduisend rooiwarm helle! Bowendien is ek `n gees en dit moet ek ewig bly ter wille van julle verlossing, en daarom kan ek my nie bekeer tot julle God en julle Meester nie! Ek is eens en vir altyd verdoem en vir my is daar geen redding meer nie!"

[8] **Die hoofman** sê: As iemand anders as jy dit aan my gesê het, sou ek dit geglo het, maar van jou geloof weet ek niks behalwe dat jy werklik die ou, dom esel uit die hel is! As jy jou wou bekeer, dan weet ek maar al te goed dat jy met jou hele aanhang deur die Meester aangeneem sal word. Maar jou boosheid is hardnekkig en jy wil jouself nooit daarvan bekeer nie, omdat dit jou `n soort helse vreugde gee om die Meester met jou vrye wil te kan trotseer. Maar ek sê vir jou dat die Meester Sy hart nog lank nie vir jou afgesluit het nie, en Hy het jou nog lank nie geoordeel nie! Wend jou daarom na Hom en Hy sal jou opneem en jou al jou miljard maal miljard misdade en sondes vergewe!

[9] Ek is `n heiden en het in my jeug die natuur en die beelde wat deur mensehande gemaak en deur hul fantasieë uitgedink is, aanbid. Maar ek, as swak, blinde stoflike mens, het tog spoedig ingesien dat ek my op doodloop dwaalweë bevind.

[10] Maar jy is vanaf jou oerbegin as `n suiwer gees geskape deur Hom wat nou in die hart van hierdie heilige Násarener woon, en aan Wie hemel en aarde heeltemal gehoorsaam is en wat vir elkeen sigbaar is. Vir jou is die suiwer herken van die ewige waarheid eenvoudig, terwyl ek lank in nag en newel moes rondtas; jy hoef maar net te wil en dan bevind jy jou weer in die ou oerlig. Wend jou daarom na die Meester, wat hier op wonderbaarlike wyse liggaamlik te midde van ons vertoef, en met alles wat my, insluitend my lewe, eie en gewyd is, staan ek daarvoor in dat jy aangeneem sal word!"

[11] **Satan** sê: "Dit kan ek nie!"

[12] **Die hoofman** sê: "En waarom dan nie?"

[13] **Die satan** skreeu: "Omdat ek dit nie wil nie!"

***(word vervolg)***